

NAMA KHOI

# MYNuusblad

Desember 2024

## Orion Minerals gesels met Nababeep-gemeenskap

**Orion Minerals het op 12 November 'n oop gemeenskaps vergadering in Nababeep gehou en met sowat 200 inwoners gesels oor die vordering en toekomsplanne van die maatskappy se kopermyn projek.**

Tydens die vergadering het Orion-verteenwoordigers vrae van gemeenskapslede beantwoord wat verder deursigtige en eerlike kommunikasie met die gemeenskap bevorder het en groot entoesiasme vir die projek getoon het.

Die vergadering het ook 'n geleentheid gebied om ander lede van Orion se bestuurspan aan die gemeenskap bekend te stel, wat insigte in hul rolle en verantwoordelikhede gedeel het.

'n Gedetailleerde opdatering is ook deur gegee oor die myn se vordering, met Orion wat bevestig het dat alle nodige permitte ontvang is en dat hulle beplan om volgende jaar met die konstruksiefase te begin.

Orion het gesê dat die vooruitsigte vir koper mynbou in die streek nog vir etlike jare baie belowend sal bly.

Gemeenskapslede was optimisties en gretig vir die myn se bedrywighede om te begin, en het die potensiaal vir ekonomiese opheffing en werkskepping erken.

Orion het die gemeenskap verseker dat hulle oop kommunikasie lyne sal handhaaf en sal voortgaan om gereelde opdaterings te verskaf soos wat die projek vorder. Hierdie vergadering is nog 'n mylpaal in Orion se verbintenis tot die bou van sterk, deursigtige verhoudings met die gemeenskap.







## Die skep van positiewe verandering vir die jeug in die gemeenskap

**Orion Minerals het die Nababeep- en Bulletrap-gemeenskappe bygestaan om jeug forums te stig om die jongmense in die gemeenskap met maatskaplike kwessies te help.**

Die Nababeep Jeungforum sal kritieke sosiale kwessies soos dwelm- en alkohol misbruik aanspreek, terwyl dit ook geleenthede sal skep vir vaardigheidsontwikkeling en gemeenskapsbetrokkenheid. Die Bulletrap Jeungforum sal daarop fokus om die jeug te verenig om agente van verandering in hul dorpe te word, die hoof oorsake van armoede aan te pak en paaie vir langtermyn vooruitgang te skep.

Orion glo dit is van kritieke belang om jongmense in sy gasheer gemeenskappe te ondersteun en te bemagtig, want hulle hou die sleutel tot 'n beter toekoms. Hoë werkloosheid syfers en hierdie sosiale uitdagings beklemtoon die behoefte om die jeug te ondersteun en te verseker dat hulle eienaarskap van hul lewens moet neem en aktiewe bydraers tot hul gemeenskap lewer word.




*Nababeep Jeungforum*




*Bulletrap Jeungforum*

Hierdie forums is ook platforms vir dialoog, dit bied ruimtes vir jongmense om toegang tot opleiding, inligting en hulpmiddels te kry om hul eie lewens te verbeter en dit bied ook hoop aan die gemeenskap.

Indien jy belangstel om by die jeug sentrums betrokke te raak, besoek gerus die Orion Gemeenskapskakel kantoor in Springbok.

## 'n Reis van leer en groei - Ontmoet ons Geologie-intern, Carmenlite van Wyk

**Carmenlite van Wyk, wat in Januarie 2024 by Orion Minerals aangesluit het op 'n eenjarige geologie-internskap, is gebore en getoë in Okiep, Noord-Kaap.**

Met 'n sterk akademiese agtergrond, insluitend 'n meestersgraad in toegepaste geologie, is Carmenlite passievol daaroor om haar kundigheid uit te brei. Carmenlite het die pos gesien wat deur Orion op 'n aanlyn advertensie op sosiale media geadverteer het en het deur die maatskappy se portaal op die webwerf aansoek gedoen.

Sy geniet dit om haar kennis in beide mynbou en eksplorasie by Orion uit te brei. As deel van die eksplorasie span was sy aktief betrokke by geologiese opnames, rots- en mineraal analise en leer om geologiese data te interpreteer. Carmenlite hou ook toesig oor die boor bedrywighede, dra by tot projek beplanning en -bestuur, neem terrein assesserings – en doen waardevolle praktiese ervaring op wat haar beide motiveer en opgewonde maak.



**Carmenlite is 'n gewaardeerde lid van die Orion-span, en ons sien uit daarna dat sy verder in haar loopbaan vorder!**

# Wees verantwoordelik
# hierdie fees seisoen



**Elke jaar verloor ongeveer drie miljoen mense hul lewens weens alkohol misbruik, volgens die Wêreld Gesondheidsorganisasie, verteenwoordig dit 5% van alle sterftes. Dit is 'n skrikwekkende statistiek, aangesien Suid-Afrika 'n land is wat hoë vlakke van oormatige drinkery en die gepaardgaande skade in die gesig staar.**

Alkohol misbruik is een van die vernaamste bydraers tot misdaad, veral geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord (GBVF) in Suid-Afrika. Kom ons maak dit ons almal se plig om voorvalle van GBVF, alkoholverwante en ander misdade by wetstoepassings owerhede aan te meld.

**Effekte van alkohol op die liggaam:**

- Strekking en hang van die hart spier
- Onreëlmatige hartkloppings wat tot 'n hartaanval kan lei
- Beroerte
- Hoë bloeddruk
- Vetterige lewer
- Fibrose
- Verdikking en littekens van weefsel
- Lewerskade
- Kop-, nek-, lewer-, bors- en kolon- of rektum kanker
- Verswakte immuunstelsel, wat dit makliker maak vir siektes om jou liggaam aan te val

**Met die fees seisoen wat ons vinnig nader, is hier 'n paar idees om verantwoordelik te drink:**

- Moet nooit drink en bestuur of roekeloos die straat oorsteek nie
- Probeer 'n lae-alkohol- of alkoholvrye alternatief
- As jy gaan drink, nomineer 'n aangewese nugter bestuurder
- Wissel af tussen alkohol en sap, koeldrank of water
- Eet voor en/of tydens drinkery
- Beperk jou drankies en hou tred met hoeveel drankies jy drink of gehad het

**As jy hulp nodig het, of weet van iemand wat hulp nodig het, kontak asseblief:**

- Anonieme Alkoholiste – **0861 4357 22**
- Suid-Afrikaanse Depressie- en Angsgroep (SADAG) – **011 262 6396**
- Tough Love – **0861 868 445**
- Life Line – **0861 322 322**
- Al-Anon – **031 304 1826**

By Orion Minerals is ons daartoe verbind om almal op die myn veilig te hou. As sodanig het ons geen verdraagsaamheid vir alkohol- en dwelmgebruik op die myn en tydens enige van ons opleiding sessies nie, om sodoende die welstand en veiligheid van al ons werknemers en leerlinge te verseker.

**Ons waardeer u samewerking en wens u en u gesin 'n veilige en gelukkige vakansies toe!**